WIEKE VAN DELEN
Estelle van der Merwe's marionettes
*Annale van die Suid-Afrikaanse Kultuurhistoriese Museum* 4(1)
Kaapstad: Suid-Afrikaanse Kultuurhistoriese Museum
1991
48 pp.
R6,00
ISSN 1010-9226

In hierdie uitgawe van die *Annale van die Suid-Afrikaanse Kultuurhistoriese Museum* is Wieke van Delen, hoof museumgeesteswetenskaplike in beheer van die tekstiel- en speelgoedafdeling van die Suid-Afrikaanse Kultuurhistoriese Museum se navorsingsresultate oor die geskiedenis rondom 'n klein versameling marionette wat gedurende 1989 ontvang is, gepubliseer. Daar is vasgestel dat die marionette gemaak is deur een van die pioniers op die gebied van die poppeteater in Suid-Afrika, naamlik Estelle van der Merwe. Die tweeledige doel van dié Engelse publikasie is om die historiese agtergrond van die marionette bekend te maak en om die versameling wat die museum bereik het te dokumenteer.

Die navorsingswaarde van die publikasie lê daarin dat hierdie inheemse poppekarakters, sover vasgestel kan word deur die oudste oorlewende pionier op dié gebied, as kultuurhistoriese erfenis onder die publiek se aandag gebring word. Wat die navorsingskwaliteit verder verhoog, is dat die kunstenares se latere werk ook bespreek word, om sodoende hierdie versameling binne konteks te plaas, ten spyte van die feit dat die marionette wat ontvang is uit haar eerste tydperk dateer.

Die inhoud van die publikasie bestaan uit sewentien kort afdelings. Die "Introduction" bring die waarde van die marionette as voorbeelde van inheemse poppe, maar ook die houdings en vooroordele wat dit uit die jare 1920 tot 1980 verbeeld, onmiddellik onder die leser se aandag. Daarna volg onder "Early years" 'n biografie oor Estelle van der Merwe se kinderjare, haar ontluikende kunstenaarstalent en belangstelling in die maak en opvoer van marionette.

Daarna volg verskeie kort afdelings met die name van die marionette wat sy gemaak het as opskrifte, soos byvoorbeeld "Harry, Belinda and Crook", "Oom Kaspaas", "Tant Soesen and Oom Bart", "Ta", "Little Red Riding Hood", "Al Debbo and Frederick Burgers", "Vittorio Carpio and Fanus Rautenbach", asook verskeie opskrifte wat haar lewe en werk in Parys (OVS) bespreek.

Die inhoud van die onderskeie afdelings is interessant en moeite is klaarblyklik nie ontsien nie om die geheel so saam te stel dat die kultuurhistoriese waarde deurgaans beklemtoon word. Die skryfster het ook alle moontlike navorsingsbronne benut waarvan die onderhoud met die kunstenares sekerlik die vernaamste is. Verskeie leidrade wat tydens dié onderhoud opgeduik het, is ook opgevolg om sekere feite te staaf of aan te vul. 'n Voorbeeld hiervan is op p. 6 te vinde, waar gemeld word dat 'n opmerking van Estelle van der Merwe dat 'n spotprent in die *Sunday Times* haar beïnvloed het om sekere poppe te maak, nagespeur is.

In die "Introduction" kon die aard en omvang van die versameling meer volledig bespreek gewees het, deur byvoorbeeld te meld dat in totaal agtien marionette (tesame met hulle name) en 'n verhogie (wat eers op p. 24 vermeld word) ontvang is. Dit sou die gedurige verwysing daarna dat sekere marionette onder bespreking ontvang is, al dan nie, uitgeskakel het.

Die biografiese besonderhede oor Estelle van der Merwe moes eerder in sy geheel direk na die "Introduction" afgehandel gewees het, in plaas daarvan dat dit aan die begin onder "Early Years" en later onder "Estelle's history resumed" aangeraak word. Dit sou die leser beter georiënteer het en 'n minder gefragmenteerde samestelling tot gevolg gehad het. Ongelukkig is dit juis die vernaamste kritiek op die samestelling van die inhoud, aangesien die resultaat is dat die ritme by die deurlees van die publikasie onderbreek word. Die afdelings wat die name van die marionette as opskrifte dra, bevat meestal veel meer inligting as wat die opskrif suggereer. 'n Tematies/chronologiese aanbieding na gelang van die verskeie aspekte wat haar werk betref, sou 'n veel beter keuse as bogenoemde uiteensetting van die stof gewees het. Insiggewende inligting, soos byvoorbeeld haar tegniese ontwikkeling oor die jare heen, word nou sporadies vermeld, terwyl dit eerder as 'n tema behandel moes gewees het. Dit geld eweneens aspekte soos haar stories, liedjies en metode van aanbieding, karakters uit kinders se feëverhale en karakters geskep uit die volkskultuur. Soos dié van Oom Kaspaas. Die inligting in die afdeling "Political characters" moes ook as tema saamgesnoer gewees het, maar is nou oor pp. 6-7 en 19-20 versprei. Persone wat baie bekend geword het, soos Al Debbo, Frederick Burgers en Fanus Rautenbach, moes ook saamgegroepeer gewees het. Historiese agtergrondinligting, soos die paragrawe oor generaals J.B.M. Hertzog en J.C. Smuts, asook Daniel Cornelis Boonzaier (pp. 6-7), sou beter in die voetnote as aanvullende gegewens tuisgehoort het.

Die "Appendix" bevat volledige beskrywings en foto's van elke marionet wat geskenk is en is seker die insiggewendste gedeelte van hierdie publikasie. Vir die leser sou dit geriefliker gewees het om die beskrywing en ooreenstemmende foto saamgegroepeer te gehad het, maar probleme met die bladuitleg het dit waarskynlik onmoontlik gemaak.

Uit die voetnote blyk dit dat alle dokumentasie wat tydens die navorsing ingesamel is vir toekomstige navorsers beskikbaar is. Die voetnote is wetenskaplik verantwoordbaar en deeglik.

Oor die Algemeen is die stof objektief aangebied en spreek dit van 'n diepe begrip van die waarde van sulke poppe, maar dit ontaard nooit in 'n lofsang nie.

Die voorbladfoto van die marionet "Generaal J.C. Smuts" gee dadelik 'n aanduiding van die inhoud van die publikasie. Verder is die publikasie geïllustreer met talle foto's, asook spotprente wat deur die jare Estelle van der Merwe geïnspireer het. Net jammer dat 'n foto van haar nie ook geplaas is nie. Hierdie publikasie, die enkele gebreke ten spyt, slaag uitermate daarin om hierdie aspek van ons kultuurhistoriese erfenis op toeganklike wyse na waarde te skat.

ASTRID SCHWENKE
*Pretoria*